

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 182**

(Januarie 1984)

## **Huisgesin en Samelewing**

\* \* \* \* \*

"Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei  
in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare,  
uitgebeitel soos vir 'n paleis"

(Ps. 144:12)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Vandag nog Huisgodsdienst hou...?

## T.V. en radio

Ons is vandag begenadig om deur hoogsverfynde elektroniese toerusting soos die radio en televisie die Woord van die Here op gereelde wyse in ons huise te hoor. Televisiedienste en Skrifoorndenkings word goed voorbereid en op treffende wyse aan ons oorgedra. Veral ou mense, gestremdes en siekes vind hierdie medium baie nuttig, om die Woord van die Here langs hierdie weg te kan hoor, en sodoende onder die geklank van die evangelie van Christus te kom. Dit is dus inderdaad 'n genadige seën uit God se hand.

## Seën of vloek

Tog leer die praktyk ook dat hierdie selfde seën sorgelose burgers kweek. Baie mense verander hierdie seën tot hulle eie nadeel en deur hulle eie sorgeloosheid in 'n vloek, en juis in dié sin dat hulle nalaat om hulle persoonlike gemeenskap met God te beoefen!

So tussen 'n handwerklike en 'n geselsie deur word 'n sydelingse blik gewerp op die televisiegodsdiens en lukraak oorgeleë vir die radio oordenking. En hiermee word gereken dat jy dan jou geloofsbeoefening afgehandel het, en so sal jy jou eie gewete.

## Persoonlik

Die Bybel leer dat jy persoonlik met God omgang moet hê. Jy moet self die Bybel lees en dit oordink en bepeins. Jy moet jouself verdiep in die verborgenheid van die Godsaligheid. Jy moet self die ondeurgrondelike genade deurvors wat God in Christus aan jou bewys het. Jy moet self worstel in die gebed. Met versugtinge en smeking moet jy persoonlik tot God bid om Sy genade en bewaring. Met 'n gebroke en 'n verslae hart moet jy bedroef wees oor jou sonde, en jy moet dit voor God bely, en jy moet Hom om vergifnis smee. Iemand anders kan dit nie vir jou doen nie!

Let op hoe persoonlik Dawid met sy God verkeer:

Ps. 23:1 "Die Here is MY Herder." Ps. 27:1 "Die Here is MY lig en MY heil." "Die Here is die toevlug vir MY lewe." Ps. 22 : 2 "MY God, MY God, waarom het U MY verlaat?"

Ons mag nie toelaat dat enige televisie- of radiodienst die plek inneem van ons persoonlike gemeenskap met God nie!

## Huisgodsdienst

Godsdienstbeoefening het nie net 'n persoonlike gerigtheid nie, maar ook 'n gesinsgerigtheid.

Deut. 6:6, 7 koppel godsdienstbeoefening uitdruklik aan die huisgesin. Daar staan: "En hierdie woorde wat ek (Moses) jou (Israel, kerk) vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan."

Gesinshuisgodsdienst is die plek waar verbondsuers hulle doopbelofte teenoor die Here nakom.

Wie gesinshuisgodsdienst nalaat, het een van die fondamentstene van die Christelike huisgesin uit sy gesinstruktuur uitgekap. Wie huisgodsdienst nalaat, moet rekening hou met die Satan wat soos 'n brullende leeu lê en loer wie hy kan verslind.

Ons lewe in 'n land van vrede. Laat ons die voorreg gebruik om te doen wat die profeet Jesaja sê in hoofstuk 55:6: "Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is." In Jer. 29:13 staan 'n wonderlike belofte van die Here — 'n belofte waarop ons kan reken: "En julle sal My soek en vind as julle na MY vra met julle hele hart."

**Ds. A. H. Grove**

# Ouers en kinders

Ouerskap is 'n gawe van God.

Om kinders van die Here te ontvang, is 'n heerlike voorreg, maar tegelykertyd 'n geweldige verantwoordelikheid.

Elke kind wat gebore word verkeer by sy geboorte en vir 'n geruime tyd daarna in 'n toestand van algehele afhanklikheid. Die primêre emosionele behoefte is die van geborgenheid, beskerming en ouerliefde en alleenlik die ouers kan dit bied. Om dit te doen is 'n heerlike, maar ook 'n verantwoordelike taak.

Vir die eerste aantal jare van 'n kind se lewe, is hy geheel en al onderworpe aan sy ouers se besluite:

- ❖ Dit is die ouers wat besluit in watter omgewing hulle kindjie gaan opgroei
  - waar hy gaan woon
  - wat hy sal eet
  - wat hy moet aantrek.
- ❖ Na watter skool hy sal gaan.
- ❖ In watter kerk hy sy godsdienstige tuiste sal vind.

Dit is die ouers se voorbeeld, onderrig en opvoeding wat hulle kind se vorming, persoonlikheid en latere optrede bepaal. Die ouers se optrede en besluite is dus vir die kinders van uiterste belang.

En bloot om kinders te hê, maak nog nie van ons ware ouers nie. Ware ouerskap is om in die opvoeding van jou kinders met die grootste versigtigheid en verantwoordelikheid te werk te gaan.

Verantwoordelike ouerskap is nie om bloot jou gesag teen wil en dank op die kind af te dwing nie — dit lei uiteindelik tot 'n gebrek aan selfvertroue en minderwaardigheidsgevoelens by die kind.

Verantwoordelike ouerskap is ook nie om permissief en toegeeflik te wees in jou opvoeding nie — dit lei weer tot 'n gebrek aan sekuriteit en gevoelens van onveiligheid by die kind.

Verantwoordelike ouerskap is ook nie om soms outoritêr en soms permissief te wees nie — dit verseker dat jou kind onseker sal wees en uiteindelik min standvastigheid sal hê.

Verantwoordelike ouerskap beteken om jou kind op 'n geduldige en liefdevolle wyse, maar tog ferm en gesagvol te lei tot selfstandige besluitneming en korrekte optrede.

Verantwoordelike ouerskap getuig steeds van 'n gesonde verhouding en goeie kommunikasie tussen ouers en kinders.

Ware ouerskap is om die kinders wat die Here aan jou sorg toevertrou het, op te voed met ouerlike liefde en strengheid — met teerheid en gesag — met bewoënheid en gesag en outoriteit, volgens die eis van die Woord van God.

Daaroor is die opdrag aan ouers in Ef. 6:4 baie duidelik: "... moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil."

En die ouers wat dit doen, sal eenmaal die voorreg smaak om in die ewigheid voor God te verskyn, en saam met die profeet Jesaja te sê: "Hier is ek en die kinders wat die Here vir my gegee het." (Jes. 8:18).

***Ds. Pieter van der Walt***

# *Opvoeding en skoolgang tot eer van die Here*

Die grootste en wonderlikste gawe van God aan die mens . . . is sy KIND. Want Jesus sê mos in Matt. 21:16: "Uit die mond van kinders het God vir Hom lof berei." Onbewustelik soms, en spontaan is jou en my kind 'n instrument in die hand van die Almagtige God.

Ja . . . wat 'n besondere gawe van God, my kind! Of nee . . . Gó d se kind! Sy kind ja, wat Hy uit genade aan jou as ouer toevertrou het. En weet jy . . . hoe min sien baie mense dit raak ...

- kinders is vir baie net 'n las
- hulle is in die pad . . . onwelkom
- hulle demp die polsslag van die "lewe" . . .

Daarom word hulle aangerand . . . soms gemartel . . . soms verwaarloos . . . in die sorg van heidene toevertrou . . .

En ons . . . ouers? Ons geniet onself . . . vergeet ons verantwoordelikhede . . . verag ons roeping . . . sien dit nie raak nie (in die woorde van Jesus): "Vir sover julle dit nié gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie" Matt. 25:45).

Geliefde leser, gaan staan net één oggend en kyk na die kindertjies terwyl hulle oppad is skool toe . . .

- fris en vars na 'n goeie nagrus
- jonk en gesond is hulle, huppelend en drawwend en dankbaar om te lewe
- entoesiasies is hulle en bereid om hulle gawes en talente uit te leef. Besef dan dit: Dis Gó d se kindertjies met Goddelike gawes en Goddelike talente wat 'n Goddelike lewe tot Sy eer leef.

Ons verwag soms baie van ons kinders — selfs meer as wat hulle kan vermag. Wat jy dalk in jou lewe verbrou het, wil jy nou in jou kind se lewe 'n werklikheid sien word.

Mag ons as ouers net dit besef:

- God gee aan ons kinders
- God gee aan elkeen sy gawes volgens Sy welbehae
- Ons moet daardie talente ontgin en ontwikkel en laat groei tot eer van God.

So leer die Ou Testament ons dat die klem in opvoeding daarop gerig moet wees om God te vrees en Hom te verheerlik;

- in die ouerhuis
- by die kerk in die erediens en katekisasie
- in die skool

Dáár moet jou kind die volgende leer: "Uit God, deur God en tot God is alle dinge."

God eis in die opvoeding van ons kinders *alles* vir Sy eer — op hulle lewetjies, hulle talente, hulle denke . . . hulle alles . . .

Ja, God *eis* alles vir Sy eer op.

Maar bowenal . . . God *gee* ook alles.

Ons is begenadig om in daardie Goddelike eis opgeneem te word.

***Ds. Nico Ligthelm***

# Doopsbelofte nagekom.

'n Mens wat sy woord hou, is 'n mens waarop jy kan staatmaak. Die golwe van die lewenssee jaag hom of haar nie rond nie.

'n Belofte wat jy maak bind jou as mens aan die persoon aan wie jy die belofte maak. Veel meer, as jy 'n belofte aan God in teenwoordigheid van getuies maak — is jy voor God en mens gebind.

Dan moet jou "ja" 'n gewisse "ja" wees, in die diepste van jou wese. Ons het belof om ons kinders in die vrees van die HERE op te voed. Ons moet hulle skool op die weg van die saligheid.

## **Ons moet vir hulle bid.**

Die doop sê dat Christus ook vir ons en ons kinders gesterf het en dat die kruisdood ons ook ten goede kom. Weet ons watter geweldige voorreg ons het dat God oor ons uitgeroep het dat ons aan Hom behoort? Ek is God se kind. My kind is ook God se kind. Die doop wys ons wel op ons sonde, maar ook op die rykdom van die evangelie wat ons in Christus besit. Daarom gee Christus ons nie net die opdrag om ons kinders te doop nie, maar ook om ons kinders te leer om Gods Woord te ken. (Mat. 28:19).

Ons moet hulle kerk toe vat. Saam met hulle moet ons tot God bid om Sy seën in die erediens. Sonder God se seën kan ons tog nie leef nie. En ons kinders ook nie. Ons moet vir hulle die voorbeeld stel. KOM ONS gaan saam kerk toe. KOM ONS hou huisgodsdien.

Saam moet ons lees.

Saam moet ons bid.

Ons en ons kinders.

Soos ons, ons kinders vra: "Het jy my lief?", so vra ons Vader in die hemel dit ook aan ons. (Joh. 21:15-17).

En ons bewys ons liefde teenoor Hom as ons gehoorsaam is en as ons doen wat HY van ons verwag.

Dis so belangrik dat ek altyd sal weet wat die doop aan my en my kind sê, tot in die grysheid van my lewensjare:

**EK IS 'N KIND VAN GOD en MY KIND IS OOK GOD SE KIND.**

Saam is ons gekoop deur die bloed van Jesus Christus. "Of ons lewe en of ons sterwe ons **BEHOORT** aan die Here" (Rom. 14:8).

Maar ons taak hou nie op as ons kinders skool toe gaan nie. Ook by die skool moet ons hulle opdra aan die troon van die Here. Daarom het ek as ouer ook 'n taak by die skool en moet ek meeleeft met my kind se skool. Ook op skool is my kind en my kleinkind 'n stukkie goud in die koninkryk van God. Daar moet hulle ook onderrig word in die Naam van die Here. Daarom moet ons ook bid vir die skool en die opvoeding van ons kinders. Die skool moet weet dat ek 'n steunpilaar is.

'n Mens wat woord hou. 'n Mens wat die geloofsgoud en die erts van mekaar kan skei. Die vrug van die dure belofte by die doop is dat ons dankbaar en gelowig sal lewe en ons kinders daardie weg van saligheid moet leer ken sodat ons en ons kinders salig kan lewe en sterwe as GODS eiendom

VIR EWIG.

***Ds. Andries H. Mulder.***